# LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za


03 Mei 2018

**OMSENDBRIEF 13/2018**

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

**1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR**

Die feit dat ons skool 'n gelukkige en meelewende skoolgemeenskap is, is weereens bewys deur die groot aantal ouers wat die ouerdag en ander skoolgeleenthede bywoon. Dit is vir my as hoof 'n riem onder die hart. Ek nooi heermee ook ouers, wat nog nie ten volle betrokke is nie, uit om ook deel te word van ons groot familie.

Ons Natuurwetenskap-vasvraespan het die pas afgelope week deelgeneem en ons skool se naam besonder hoog gehou deur eerste te eindig in ons distrik. Ons is besonder trots op hulle. Ons sportspanne neem steeds deel aan ligawedstryde en van ons seuns neem ook steeds aan provinsiale rugbyproewe deel. Ons wens hulle sterkte toe en glo hulle sal raakgesien word. Ons vra dat u, as ouers, sal voortgaan om u kinders te ondersteun deur, waar dit vir u moontlik is, optredes en wedstryde by te woon. Dit is hierdeur dat u 'n belegging in u kind maak.

Ek wil graag die volgende sake onder u aandag bring:

- Ons versoek dat u asseblief sal voortgaan om u finansiële verpligtinge (skoolgeld) teenoor die skool na te kom om ons in staat te stel om steeds effektiewe onderrig aan te bied en om skoolaktiwiteite op 'n hoë vlak te kan bedryf.
- Gebruik asseblief die regte verwysing wanneer u internetbetalings doen.

Dankie vir u ondersteuning en belangstelling in die skool.

*"We should never permit ourselves to do anything that we are not willing to see our children do. We should set them an example that we wish them to imitate." — Brigham Young*

**2. 6-DAG ROOSTER en WEEKROGRAM (GR 4-7)**

| Weeksdag | Rooster | Belangrikste gebeure vir die week |
|---|---|---|
| Maandag, 7 Mei | Dag 4 | RMS Redenaars AFR (Tuis) soos gereël |
| Dinsdag, 8ste | Dag 5 | Netbal liga Cornwall Hill (Tuis) |
| Woensdag, 9de | Dag 6 | |
| Donderdag, 10de | Dag 1 | Hemelvaartdag, Snr Koor Applous kompetisie, Gr R uitstappie |
| Vrydag, 11de | Dag 2 | Eksamen afbakening na ouers Gr 4-7 |

**3. D6 KOMMUNIKEERDER**

Ons versoek u weereens om die D6 Kommunikeerder op u slimfoon af te laai, sodat u al ons ander belangrike briewe en inligting kan ontvang.

**4. SKOOLFONDSREKENINGE**

Neem asseblief kennis dat die Skoolfondsrekeninge voortaan slegs per epos uitgestuur word. Dit kan wel op aanvraag uitgedruk word. Maak asseblief seker dat die skool oor u korrekte epos adres beskik.

**5. SWARRIE UITBLINKERS**

**Christy Mouton, David Swemmer, Stephan Hart en Minette de Souza-Allegria** neem deel aan die Departementele Astronomy Quiz (Gr 7) NW vasvrae en word aangewys as die Distrikwenners.

Z**ikita Balfour,** Gr 6, neem deel aan 'n fietsry wedren, Off the Beaton Track, 16km Tyd 1:15:43.

**Daveron Arries**, neem deel aan klubkrieket en word aangewys as Bouler van die Jaar. In 16 beurte het hy 44 lopies afgestaan en 14 paaltjies geneem**.**

**Derick de Beer** word ook aangewys as Bouler van die Jaar. In 10 beurte het hy 36 lopies afgestaan en 7 paaltjies geneem**.**

**Denique Heydenrych,** Gr 4 kwalifiseer vir Noord Gauteng Akrobaat kampioenskappe wat op Woensdag, 9 Mei plaasvind.

Groete

_____

**MNR M VAN DER MERWE**
**SKOOLHOOF**


**Verblyf Gesoek – 1 slaapkamer woonstel vir nie meer as R3500 pm nie. Skakel asb 0844893896**